NG Gemeente Agter-Paarl

Nadenke oor ons Identiteit as gemeente.
Ons identiteit is ons HARTKLOP.
Dit is hoe ons dink en wat ons glo oor God, mens en lewe.

God	Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. • As Vader is Hy ons eerste Bron van geloof (liriek) • As Seun is Hy ons enigste lewensmodel (melodie) • As Heilige Gees is Hy ons voltydse begeleier (dirigent)
Kerk	Die kerk/gemeente is die koor wat God se woorde sing op Jesus se melodie olv die Heilige Gees. Ons sing ons liedjie in die agtergrond van die lewe net soos wat sout weggesteek, maar duidelik proebaar, in die ondergrond van kos lewe.
Doop	Die gemeente leef, soos Jesus, vanuit die doop as vertrekpunt van ons totale geloofsreis. Matteus 3:17, waar die doop 'n onvoorwaardelike liefdesverklaring van God is aan sy Eerste Seun, is ons Bybelse uitgangspunt tov die doop. Ons mag dalk ons Vader se huis verlaat, maar ons sal altyd in Sy hart wees. Dit is ons enigste troos.
Eredienste	Ons noem dit reisgesprekke. Die leraar/prediker se "preek" is op die meeste 'n opregte getuienis oor wat hy/sy in die week uit die teks gehoor het. Ons leef vir 'n hele week luisterend na die teks en deel met mekaar wat ons hoor. Ons hoef nie oor alles saam te stem nie. Ons kan, en wil nie, sê "so spreek die Here Here nie", want ons weet dat ons na ons mensheid dikwels verkeerd hoor en ons wil nie ons woorde sonder meer aan God toedig nie. Die reisgesprek is 'n nederige gebeurtenis.
Geld	Ons glo dat hoe ons oor geld praat en hoe ons fondse verkry iets sê van hoe ons oor God dink. Ons wil nie die idee skep dat ons kinders van 'n Bedelaarvader is nie. Ons glo dat ons die gemeente in stand wil en kan hou met ons materiële dankbewyse (nie: dankoffers) wat ons gee vanuit ons daaglikse werk. As ons die gemeente nie só in stand kan hou nie, moet ons nie meer bestaan nie. Ons gaan nie op kermisse, basaars en insamelings staatmaak om tekorte aan te vul nie. Ons gaan ook nie kollekteer van huis/lidmaat tot huis/lidmaat nie. Ons hou nie boek van wie gee wat nie, want ons leef nie vanuit 'n skuldbegunsel nie. Ons verwag niks en ontvang net dankbaar wat ons kry uit die gesonde harte en deur die goeie gesindhede van lede van die gemeente. Ons sal nooit toelaat dat enige werknemer die gemeente misbruik vir onredelike en onetiese selfverryking nie. Ons hou behoorlik boek van inkomste en uitgawe en ons state word jaarliks geoudit deur onafhanklike ouditeure volgens die wette van ons land. Ons finansies word vlg 'n goedgekeurde begroting, en met deursigtigheid vir die hele gemeente, bestuur.
Gebed	Ons glo dat gebed deurlopend luisterend van aard is. Gebed is nie 'n meganisme om God te oortuig om te doen wat ons gedoen wil hê nie en ook nie om te kry wat óns wil hê nie. Ons werk dus nie met gebedskettings en gebedslysies en gebedsversoeke nie. Ons sê ook nooit "amen" nie, want ons is konstant in gebed. Ons sal nooit aan gebed dink, of dit gebruik, as 'n manier waarop ons die hand(e) van God in beweging moet bring nie. Gebed mag nie 'n aparte en losstaande bediening wees nie, maar moet 'n integrale deel wees van elkeen se daaglikse lewens.

Musiek	Musiek via enige instrument is welkom in ons samekomste solank dit nie ‘n fokuspunt op sy eie langsaan die Woordbediening is nie. Musiek is vir ons ondersteunend tot die Woordbediening en moet daarom met fyn onderskeiding gekies en nederig aangebied word. Die liturg van die geleentheid bepaal die musiekkeuses. Die lirieke wat ons sing moet geloofsmatig beoordeel word en nie in stryd wees met ons geloofsoortuigings nie en mag nie verval in onsinnige rymelary wat die melodie gedienstig is nie. Musiek mag nooit gebruik word twv emosionele opsweping en/of manipulasie nie.
Huisbesoek	Huisbesoek deur die gemeenteleraar geskied op versoek. Van die leraar word verwag om dit te doen so gou as moontlik nadat die versoek gerig is. Van die leraar word verwag om die inhoud van alle gesprekke vertroulik te hanteer. Huisbesoek mag nie misbruik word as ‘n bemarkingsgeleentheid of as ‘n visvangery van ander geloofsgemeenskappe se lidmate nie. Ons besoek selfs nuwe intrekkers nét op versoek, want ons leef nie meer in ‘n era van NGK dominansie en arrogansie nie.
Bediening	Ons verkies om te praat van bedieninge ipv komitees en kommissies. Ons verkies dat bedieninge nie struktureel van van bo af geïnisieer word nie, maar dat dit gebore word in en uit die harte van lidmate. Bedieninge word nie mikro-bestuur nie, maar word begelei om in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings te geskied. Lidmate moet luisterend en met gesonde selfbewustheid hulle lewens- en geloofspassies ontdek. Die gemeente sal hulle graag wil ondersteun dmv finansies, mannekrag, fisiese ruimtes en netwerke om dit uit te leef. Ons besluit nie wat moet gebeur en belas dan mense daarmee nie, mense ervaar roeping en bedien dan die gemeente en wêreld.
Struktuur	Geen strukturele geweld word toegelaat nie. Die minimum struktuur dien God en sy saak en nie andersom nie. Ons is lankal uit Egipte uit en sal nooit weer daarheen terugkeer nie. Die struktuur bepaal en bestuur ons nie, ons bepaal en bestuur die struktuur.
Leierskap	Leiers word nie gekies of aangewys nie. Leiers meld aan nadat hulle hopelik vanuit ‘n luisterende gebedslewe self die roeping gehoor/ontvang het. Leierskap gaan nie oor mag en status nie, maar oor diens aan God via diens aan die gemeente en die wêreld. Leiers het ‘n aanspreekbaarheid teenoor mekaar. Leierskap moet by uitstek binne die geloofsoortuigings van die gemeente besluite neem.
Dominee	Ons dominee bedien ons met ‘n passievolle hart en daarna bedien hy/sy die wêreld namens ons. Die kerkorde bepaal nie wat ons dominee moet doen nie, sy/haar werk groei dinamies saam met die Geesgeleide ontwikkeling van die gemeente. Ons versorg ons dominee graag en dit is nie nodig vir hom/haar om ekstra buite-werk te doen vir sy/haar materiële versorging nie. Indien ons dominee buite-werk doen moet die vergoeding wat daarvoor betaal word aan die gemeente betaal word. Die Finansbediening mag, maar hoef nie, uit die geld wat in die leraarsfonds is aan die leraar oorbetaal. Die dominee het nie ‘n hoër status nie, maar ‘n besliste diensfunksie. Ons wil nie die gemeente om die dominee bou nie, maar die gemeente op die Bybel bou.
Voorkoms	Ons kies vir ‘n nederige voorkoms waar ons werk met wat regtig noodsaaklik is. Ons wil nie mense beïndruk met wat ons het of wat ons aanbied nie, maar ons wil mense uitnooi om ons te geniet vir wie ons is.

	Ons speel nie twv mense se goedkeuring nie, maar alleen vir God se goedkeuring. Ons is wel sensitief vir mense se redelike behoeftes.
Die Bybel	Vir ons is die Bybel die Woorde van God en woorde oor God en ons wil dit met onderskeiding en wysheid lees met in agneming van die konteks van die destydse skrywers van die Bybel en die huidige lesers van die Bybel.
Jeug	Kinders se geloofsgroei is ouers se verantwoordelikheid en nie die kerkstruktuur syne nie. Ons wil die bediening van kinders teruggee aan ouers. Ons wil nie ‘n kunsmatige geloofsbelewing vir kinders skep nie. Ons is nie ‘n sirkus nie en ons hou nie konsert nie.
Eiendomme	Die instandhouding en voorkoms van ons eiendomme is deel van ons getuienis. Ons wil graag lidmate wat die gawes het toelaat om self betrokke te raak by die instandhouding.
Algemene Kultuur	Ons wil eerder verstaan as oordeel Ons wil eerder dien as om gedien te word Ons wil eerder insluit as uitsluit Eerder “yes-people” as “no-people” Ruimhartig eerder as eng Verhoudings is belangriker as opinies Beginsels is eerder vriendelik as streng Dit gaan oor God én mens, oor mens én God (kruis is ons simbool) God se vreugde is ons vreugde Eerder gee as ontvang Lewe met vryheid en vrymoedigheid en vreesloosheid Ons vang nie mense nie, ons bedien mense Getrou aan God en getrou aan die lewe – God en lewe staan nie teenoor mekaar nie Gehoorsaamheid is nie ‘n straf nie, maar ‘n plesier Ons werk is ons kerk, ons kerk is nie werk nie Eerder getuig as oortuig